

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Coetzee v Santam Versekeringsmaatskappy Bpk. (350/82) [1984] ZASCA 125 (5 November 1984)

[1984] ZASCA 125

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Jansen, Kótzé, Smuts

CASE / FILE NUMBER

350/82

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saak nr 350/82 MC

JOHANNA COETZEE

- en -SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK JANSEN AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)In die saak tussenJOHANNA COETZEE Appellante

- en -

SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK Respondent

Coram: JANSEN, KÓTZE ARR et SMUTS WND AR.

Verhoor: 15 MAART 1984.

Gelewer: 5 NOVEMBER 1984.

UITSPRAAK2. JANSEN AR :-Die appellante se eggenoot is op slag dood in 'n botsing tussen sy motorfiets en 'n motor. Laasgenoemde was deur die respondent ingevolge Wet 56 van 1972 verseker. Enige eis om skadevergoeding van die appellante teen die respondent sou om middernag 9 Januarie 1982 ingevolge art 24(1)(a) van die Wet verjaar. Deur of namens appellante is geen stappe betyds gedoen om die verjaring te stuit nie, en die voorgeskrewe vorm (MVA 13) deur art 25(1)(a) vereis, is ook nie binne die verjaringstyd= perk ingedien nie. Die respondent was nie bereid om van die reg om hom op die verjaring te beroep, afstand te doen nie, en gevolglik het die appellante binne die geoorloofde /

3.

geoorloofde periode van 90 dae in die Transvaalse Provinsiale Afdeling aansoek gedoen om verlof ingevolgeart 24(2)(a)(i) (soos vervang deur art 11(1)(b) van Wet No 69 van 1978) om voort te gaan met die afdwinging van 'n eis om skadevergoeding teen die respondent.

Sy het die nodige sekuriteit gestel om enige bedragte dek wat die hof ingevolge art 24(2)(b) sou voorskryf. Die respondent het die aansoek op grond van " 'n regspunt"

teengestaan, nl dat die appellante se stukke "nie die

regshulp aangevra, regverdig nie". Die

aansoek is met koste afgewys. Die appellante kom

regstreeks (ingevolge ooreenkoms) na hierdie Hof in

hoër beroep.

Die ongeluk het op 10 Januarie 1980 plaasge=

vind /

4. vind en reeds op 28 Februarie 1980 het die applikante haar prokureur oor 'n moontlike eis teen die respondent gaan spreek. Sekere inligting is verkry en daar is besluit om met die eis te wag tot afhandeling van die hangende strafsak teen die bestuurder van die motor. Dié saak is eers op 8 Januarie 1981 voltooi en die bestuurder is skuldig bevind. Op 20 Februarie het die applikante die prokureur opdrag gegee om die saak verder te voer. Dit is toe nodig geag om 'n aktuariële berekening te bekom en 'n aktuaris is dien ooreenkomstig op 16 April 1981 aangestel. Volgens hom moes nog verdere besonderhede verkry word, wat verdere tyd geneem het om te doen. Eers op 1 September 1981 is die nodige berekening, wat die appellante se

verlies /

5.

verlies op R45,092-00 gestel het, wel aan die prokureur versend. Die prokureur het reëlings getref dat die appellante hom op 17 September moes kom spreek. Tydens die samespreking het dit egter geblyk dat sy weer moes kom en 'n afspraak is gereël vir 21 September. Op dié dag het die appellante die MVA 13 eisvorm onderteken en die prokureur het in haar teenwoordigheid 'n brief gedikteer wat saam met die eisvorm na die respondent gestuur moes word. Aangesien sy sekretaresse, mev Nigrini afwesig was, het hy die brief aan een van sy ander tiksters, mev Hechter, gegee om te tik. Die volgende dag nog voor hy die lêer terugontvang het, het hy skielik siek geword. Sy dokter het vermoed dat

hy /

6. hy 'n koronêre probleem het en het hom beveel om dadelik tuis in die bed te gaan rus. Eers op 28 September was die prokureur terug op kantoor. Sy sekretaresse was nog afwesig en hy is toe erg onder druk geplaas "met verskeie dringende aangeleenthede as gevolg van my afwesigheid vir ses dae van kantoor, en die afwesigheid van my sekretaresse op daardie stadium was dit nie moontlik om te dink aan sake wat nie in my dagboek aangeteken was en lêers wat nie op my lessenaar gelê het nie". Hy het ook op daardie stadium 'n paar moeilike sake hanteer op kantoor onder drukte van te veel algemene werk. Die appellante se lêer was nie op sy lessenaar nie, die aangeleentheid is nie weer

onder /

7. onder sy aandag gebring . nie en hy het nie weer daaraan gedink nie. Eers op 17 Maart 1982, toe die appellante hom bel om te vra of hy al iets van die respondent verneem het, het die geval weer tot sy kennis gekom. Hy wou toe die lêer trek, maar sy personeel kon dit nie vind in die kabinette van hangende sake of êrens in

. sirkulasie in die kantoor nie. Hy het self begin soek en "selfs die afgeslote lêers wat apart gebêre word",

begin deursoek. Hy vind toe uiteindelik die lêer

"onder die 'afgehandelde' lêers wat in 'n rak in 'n sekere

kantoor gehou word". In die lêer was die voltooië

MVA 13 vorm, gedateer 21 September 1981, met die

oorspronklike dekkingsbrief wat hy gedikteer het. Die

eis was toe reeds verjaar.

In / 8. In die onderhawige appèl is die basiese vraag of die hof a quo nie "oortuig" moes gewees het "dat daar op grond van spesiale omstandighede nie redelikerwys" van die prokureur "verwag kon word" om voor afloop van die verjaringstermyn die MVA 13 soos bepaal deur art 25(1) aan die respondent per aangetekende pos te stuur of per hand af te lewer nie. Die tersaaklike gedeelte van art 24(2)(a) lui soos volg :-

"Indien 'n derde party se eis om skadever=

goeding ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel verjaar het en 'n hof wat met betrekking tot daardie eis bevoeg is, op aansoek deur die betrokke derde party oortuig is -

- (i) waar die eis verjaar het voordat die derde party aan die bepalings van artikel 25(1) voldoen het, dat daar op grond van spesiale omstandighede nie redelikerwys van hom of, indien hy iemand anders opdrag gegee het om namens hom aan daardie bepalings te

voldoen,/

\

9

voldoen, van so iemand verwag kon word om voor die datum waarop die eis verjaar het, aan genoemde bepalinge te voldoen nie;

kan die hof aan die derde party verlof verleen

om voor 'n datum deur die hof bepaal aan genoemde

bepalinge te voldoen en prosesstukke in 'n geding om die eis af te dwing, ooreenkomstig

die bepalinge van artikel 25(2) aan die bevoegde

versekeraar te beteken "

(In die weggelate gedeeltes reël art 24(2)(a) o a die geval waar die versuim daarin bestaan dat na lewering van die MVA 13 die nodige prosesstukke om verjaring te stuit nie betyds ingedien word nie. Die bewoording

is in art 24(2)(a)(ii) wat die vereistes betref, dieselfde as (i) hierbo. Beslissinge oor (i) en (ii)

se betekenis is dus oor en weer toepaslik. By die bespreking hierna sal nie noodwendig vermeld word oorwatter een van die twee dit gegaan het nie.) uit 'n

reeks/

10.

reeks beslissinge van hierdie Hof is dit duidelik dat "spesiale omstandighede" normaalweg buitengewone of onverwagte omstandighede moet wees: Webster and Another v Santam Insurance Co Ltd 1977(2) SA 874; Federated Employers' Insurance Co Ltd v Magubane 1981(2) SA 710; Oelofse v Santam versekeringsmaatskappy Beperk 1982(3) SA

882; Commercial Union Assurance Co of SA Ltd v Johannesburg City Council 1983(1) SA 226. Verder, ooreenkomstig art 1(1) van die Wet (56 van 1972), soos

ingevoeg deur art 1(b) van Wet 69 van 1978, kan 'n

"nalate, versuim of onkunde" nie 'n "spesiale omstandigheid" wees nie. Dit geld egter slegs verwytbare "nalate, versuim of onkunde"; is dit skuldloos kan dit wel in

aanmerking kom (Oelofse-saak, t a p op bls 891 F-H).

Wat / 11.

Wat die maatstaf vir skuld in hierdie verband is, is nie heeltemal duidelik nie, maar blykbaar is dit die gewone wat by onregmatige daade geld: Oelofse-saak t a p onderaan bl 891; Commercial Union-saak t a p op bl 234 D-E; Mamela v Constantia Insurance Co Ltd 1983(1) SA 218(A) op bl 225 C - 226 F. "Nalate, versuim of onkunde" kan dus saamgevat word as "nalatigheid". Primêr is dit die nalatigheid van die derde party, of iemand aan wie hy opdrag gegee het om namens hom op te tree, wat dis= kwalifikasie as "spesiale omstandigheid" meebring. Die vraag is egter of nalatigheid

van hul werknemers dieselfde doen. In die Oelofse-saak (t a

- p) was die prokureur nie nalatig nie, sy sekretaresse en bode wel; die prokureur se onkunde as gevolg van daardie nalatigheid

is /

12. is as spesiale omstandigheid aangemerkt. Aan die ander kant is in Magubane se saak (t a p) die nalatigheid van 'n werknemer van 'n firma (nie 'n prokureursfirma nie) as 'n beletsel beskou. Maar wesentlik was sy die verant= woordelike persoon: "Mary Jefferson, who was employed in the firm as a clerk/bookkeeper and whose duties related largely to the handling and processing of claims under the Act" (op bl 178 bo-aan) is beskou as "the member of the firm deputised to handle the matter" (bl 719 D en vgl 720 B). So ook in Mkhomolo v President Versekerings= maatskappy Beperk (1984(1) SA 342(T)) was dit die nalatig= heid van 'n klerk, Peta, wat die aansoek verongeluk het: hy het die volle verantwoordelikheid gehad om die saak te hanteer (sien bl 348 D). Rlaarblyklik lê daar 'n

skeidslyn /

13.

skeidslyn tussen personeel wat slegs administratiewe werk doen en dié wat groter verantwoordelikheid dra, en die lyn moet getrek word om mins beswarend vir die derde party te wees, om dieselfde redes as dié op grond waarvan in Oelofse se saak die vereiste van skuld in art 24(2)(a)(i) ingelees is. Waarskynlik lê die lyn tussen die opdra van volle verantwoordelikheid en die opdra van mindere take. M i is die beslissing in Feniv Protea Assurance Co Ltd (1984(2) SA 529(C)) dus te verkies bo dié in Raseroka v Rondalia Assurance Co of SA Ltd (1979(2) SA 962(T)). Terloops kan nog daarop gewys word dat alhoewel dit in die reël nie per se nalatig vir 'n prokureur sou wees om administratiewe take aan sy personeel op te dra nie - hy kan bv tog nie ver wag / 14.

ver wag word om bv elke brief eiehandig te pos nie -dit in bepaalde omstandighede wel nalatig sou kon wees (vgl Mkhomolo v President Versekeringsmaatskappy, 1984(1) SA 342(T) bo-aan bl 348). Uit die reeks beslissings van hierdie Hof hierbo genoem, is dit verder duidelik dat daar tussen die "spesiale omstandighede" en die nie-pos of nie-aflowering van 'n MVA 13 vorm ooreenkomstig art 25(1) 'n oorsaaklike verband moet wees. Dat dit beteken dat die omstandigheid minstens 'n conditio sine qua non van die nie-voldoening aan die bepalings van art 25(1) moet wees, is vanselfsprekend. Of dit 'n enger kousaliteit moet wees, is nie so duidelik nie (alhoewel in /

15 in 'n saak soos Garvin v President Insurance Co Ltd, 1983(2) SA 112(N) op bl 117 G, die mening uitgespreek is dat die omstandigheid die "effective cause" moet wees). Wat wel vasstaan is dat as die nalatigheid van die derde party of die persoon aan wie die derde party opdrag gegee het (of die persoon aan wie lg die volle verantwoordelikheid oorgedra het) die "effective

reason" (Webster-saak op bl 883 E-F), die "direct and immediate cause" (Magubane-saak op bl 719 H), of die "direct cause" (Mamela-saak op bl 226) is van die nie-voldoening, of as die nalatigheid "a clear and direct causal connection" (Johannesburg City Council-saak, op bl 234 D) met die nie-voldoening het, kan 'n aansoek ingevolge art 124(2)(a) nie slaag nie.

Volgens / 16. Volgens art 124(2)(a)(i) is dit nie genoeg dat daar wel "spesiale omstandighede" aanwesig was nie, maar hulle moet ook sodanig wees dat daar op grond daarvan nie redelikerwys van die derde party of die persoon aan wie hy opdrag gegee het (of die persoon aan wie lg die volle verantwoordelikheid oorgedra het) "verwag kon word om voor die datum waarop die eis verjaar het" aan die bepalings van art 25(1) te voldoen nie. Dit beteken dat die optrede van sodanige persone "must be critically examined in the light of the criterion of reasonableness" (Magubane-saak t a p op bl 717 D). Dit volg dat nalatigheid van een van sodanige persone ("neglect simpliciter" - Magubane-saak t a p op bl 716 C - E) nie per se 'n spesiale omstandigheid

kan /

17kan wees nie. Of die "criterion of reasonableness" noodwendig dié van die bonus paterfamilias is, is nie heeltemal duidelik nie, alhoewel dit in Ngubane se saak gesê is "if a party is negligent about the matter of service, it can hardly be said that he could not reasonably be expected to have effected service" (op bl 719 F). In Mamela se saak (t a p op bl 225 H) word wel gebruik gemaak van die maatstaf van die "reasonable man", maar dit blyk nie soseer op "redelikerwys", soos ±n art 24(2)(a)(i) gebruik, te slaan nie, maar wel op "nalate, versuim of onkunde" soos in art 1(1) gebruik. As die bonus paterfamilias wel die maatstaf by "redelikerwys" is, dan is daar oorvleueling van die nalatigheid behels

deur / 18.

deur die "nalate, versuim of onkunde" genoem in art 1(1). .

In die lig van die voorgaande uiteensetting kan nou na die feite van die onderhawige geval teruggekeer

word. Die werkswyse van die applikante se prokureur met lêers in die algemeen en die applikante se lêer in besonder, blyk uit die volgende aanhaling uit sy beëdigde verklaring:-

"My gebruik is dat lêers gedagboek word beide in my eie dagboek en in my sekretaresse se dagboek, benewens my lessenaar dagboek vir afsprake. Wanneer my sekretaresse die nodige aandag aan 'n lêer gegee het, stuur sy die lêer na my deur vir my verdere aandag. Wanneer ek dit dan nagegaan het, word getikte briewe of dokumente waar nodig, onderteken en in die posmandjie geplaas en dan dagboek ek, onafhanklik van my sekretaresse se dagboek,

die /

19.

die lêer vir 'n gepaste datum in my dagboek. Die leer gaan dan terug na my sekretaresse wat dit ook in haar dagboek aanteken voordat die lêer weer in 'n kabinet geplaas word. Met ander woorde, 'n dubbele dagboekstelsel word gehou waarvolgens my sekretaresse en ekself, onafhanklik van mekaar, die lêers dagboek en opvolg.

Die betrokke lêer in hierdie aangeleentheid was aldus gedagboek in my dagboek sowel as in my sekretaresse se dagboek vir 14 September 1981. Nadat dit dienooreenkomstig getrek was vir aandag, het ek dit nie dadelik weer ge= dagboek of laat dagboek in my sekretaresse se dagboek nie aangesien ek afsprake met die applikante gemaak het eers vir 17 September en daarna vir 21 September 1981 en die afsprake op my lessenaar dagboek aangeteken was.

As dit nie was vir my afwesigheid en die afwesigheid van kantoor van my ervare sekretaresse, Mev Nigrini, gedurende die betrokke tydperk nie, sou die betrokke lêer sekerlik betyds weer opgevolg gewees het."

Dit /

20.

Dit is reeds vermeld dat die prokureur vanaf 22 Septembertot 28 September 1981 van kantoor afwesig was omdat hyskielik siek geword het, en dat sy sekretaresse tydensdaardie periode ook nie op kantoor was nie. Haar eg=genoot het op 17 September 1981 'n beroerte-aanval gehad as gevolg waarvan die regterkant van sy liggaam verlam

is en hy sy spraak verloor het. Sy was gevolglik vanafdaardie datum tot 30 September 1981 nie op kantoor nie,

en daarna het sy ook net deelyds kom werk aangesien sy

haar aandag aan beide haar man en hul besigheid moes

skenk. Soos reeds genoem, het die prokureur op 22 September 1981 die lêer en die band met die opname

van die gedikteerde brief aan mev Hechter gegee om te tik.

Op /..

21 Op 28 September 1981 toe die prokureur weer beginwerk het, was die lêer nie op sy lessenaar nie. Mev Hechter het dit op die 22ste wel op mev Nigrini se

lessenaar gesit, maar toe mev Nigrini op die 30 steweer kom werk het, was dit nie meer daar nie. Op of na 17 Maart 1982 is dit gevind "onder die 'afgehandelde'

lêers wat in 'n rak in 'n sekere kantoor gehou word".

Die prokureur kon nie verduidelik hoe die lêer tussen

22 en 30 September vanaf mev Nigrini se lessenaar

verdwyn het en daar beland het nie. Ook geen personeel=

lid kon dit aan die prokureur verduidelik nie. Mev

Hechter opper egter 'n moontlike verklaring wat die

prokureur ook bevestig :-

"Daar /

22.

"Daar het altyd en ook op ongeveer 30 September 1981 'n aantal 'afgehandelde' lêers in 'n stapel op 'n oop rak in my kantoor langs 'n staal kabinet gelê, aangesien dit deel van my werk was om afgehandelde lêers uit te sorteer en weg te bêre.

Ek vermoed dat nadat mev Hechter die lêer op my lessenaar gesit het, dit waarskynlik die enigste lêer was op my lessenaar en dat een van die skoonmakers dit waarskynlik op die vloer laat beland het en dit toe op die enigste sigbare ander lêers, synde die stapel 'afgehandelde' geplaas of dat dit deur die skoonmaker van die lessenaar geneem is en toe op die gemelde stapel lêers geplaas het." Wesenlik is die omstandighede waarop die appellante haar beroep die toevallig gelyktydige afwezigheid van beide die prokureur en sy ervare sekretaresse tussen 22 en 28 September 1981 en die verdwyning van die lêer tussen 22 en 30 September 1981. As sodanig kan hulle wel as buitengewoon en onverwag bestempel word.

Hulle /

23. Hulle is ook minstens *condiciones sine aua non* van die nie-versending van die MVA 13: as mev Migrini bv daar was, sou sy na alle waarskynlikheid gesorg het dat die nodige verdere stappe gedoen word; as die lêer op haar lessenaar was toe sy op 30 September teruggekom het, sou sy dit dadelik aan die prokureur voorgelê het (dit verklaar sy self). Die hof (a quo wys op verskeie "leemtes" in die verduideliking van die versuim om die MVA 13 met die dekkende brief wat mev Hechter getik het, te versend. Daarop word gewys dat alhoewel dit blyk dat die prokureur verwag het dat mev Hechter die lêer op sy lessenaar sou plaas, hy nie presies verklaar wat sy instruksies aan mev Hechter was nie; dat die tussenkoms van 'n skoonmaker blote

bespiegeling / 24bespiegeling is en geen poging aangewend is om te verklaar hoe die lêer by die afgehandelde belandhet "sonder dat iemand dit ondersoek en enige inskrywing in 'n dagboek of register gemaak het"; dat die prokureur die hof nie inlig oor enige stappe wat hy geneem het om te verseker dat onafgehandelde werk in sy afwesigheid deur 'n vennoot of personeel behartig word nie; dat die prokureur se stelsel van inskrywings in dagboeke

"ontoereikend was om te verhoed dat 'n lêer soos dié van die applikante wat van tyd tot tyd die aandag van die prokureur sou verg spoorloos verdwyn vir 'n tydperk van meer as drie maande". Die hof kom tot die gevolgtrekking dat nog die afwesigheid van mev Nigrini nog

die ongesteldheid van die prokureur "die oorsaak van, of rede /

25rede vir die versuim" van die prokureur was om die MVA 13 aan die respondent te besorg en dat gesien die leemtes in die prokureur se "verduideliking van die omstandighede wat tot daardie versuim gelei het dit nie bevind (kan) word dat daar nie van hom verwag kon word om betyds aan die vereistes van art 25(1) te voldoen nie". Onderliggend is blykbaar die beskouing dat die prokureur of mev Hechter nalatig was en dat dit die rede vir die versuim was. Al sou aanvaar word dat die prokureur se enigste instruksie aan mev Hechter was om die brief te tik, kom dit nie onredelik voor dat hy sou verwag het om dit terug te kry vir nasien, ondertekening en afhandeling nie. As mev Hechter nalatig was' deur die

brief / 26.

brief op mev Nigrini se lessenaar té plaas aangesien die prokureur self afwesig was en deur te aanvaar het dat mev Nigrini na haar terugkoms dit gevind het en verder afgehandel het, dan was dit ook nie iets wat vir die prokureur redelikerwys voorsienbaar was nie en is dit ook nie per se 'n beletsel vir die bestaan van 'n "spesiale" omstandigheid nie. Dit was ook nie nalatig nie van die prokureur om te verwag dat die lêer in die normale verloop van sake weer by hom sou uitkom sodra hy weer op kantoor sou wees. Hy wys op die feit dat hy en sy vennote elk ongeveer 300 tot 600 lopende lêers van tyd tot tyd hanteer en dat "dit is nie prakties moontlik om 'n stelsel te implementeer wat voorsiening maak daarvoor dat wanneer 'n vennoot en 'n senior sekretaresse gelyktydig

ongesteld /

27ongesteld of afwesig is van kantoor, al die lêers van die betrokke vennoot binne 'n kort tydperk deur 'n ander verantwoordelike persoon in my firma gekontroleer kan word nie". Maar in ieder geval was daar geen dringende heid wat onmiddellike optrede in die MVA 13 vereis het nie. Daar was nog meer as 3 maande oor en dit sou kon wag tot hy weer op kantoor sou wees. 'n Versuim om iemand anders aan te sê om intussen daarvoor te sorg kom in die omstandighede nie op nalatigheid neer nie. Weliswaar het hy by sy terugkoms op kantoor nie weer aan die geval gedink of daarvoor navraag gedoen nie. Klaarblyklik het hy bewustelik of onbewustelik daarop staatgemaak dat sy personeel in die gewone loop van sake

dit weer tot sy aandag sou bring. In dié bepaalde
omstandighede /

28.

omstandighede kan dit kwalik as nalatigheid aangemerkt
word. 'n Prokureur moet noodwendig in die algemeen op
sy kantoorroetine en personeel vertrou. As dit nie was
dat die lêer vanaf mev Nigrini se lessenaar verdwyn het
nie, sou sy wel die prokureur weer op die saak attent

gemaak het. Die prokureur kon nie redelikerwys voorsien het dat beide mev Nigrini en mev
Hechter hom sou faal of

dat die lêer sou verdwyn nie.

Die wegraak van die lêer is die deurslaggewende

faktor. Alhoewel nog die prokureur nog sy personeellede kan verklaar hoe dit by die
afgehandelde lêers belandhet, staan dit vas dat dit wel gebeur het. Dat die toetreding van 'n
skoonmaker bespiegeling mag wees, doen nie hieraan af nie. Ook die kritiek dat verdere

inligting / 29. inligting in hierdie verband verstrekt moes gewees het, sou slegs slaan op die
moontlikheid van nalatigheid aan die kant van die administratiewe personeel. Maar sodanige
nalatigheid sou op grond van die vertolking hierbo van art 24(2)(a)(i) nie ter sake wees nie. M i
blyk dit nie dat die prokureur nalatig was nie, maar dat die buitengewone en onverwagte wegraak
van die lêer nie alleen 'n sine qua non van die nie-nakoming van art 25(1) was nie maar ook
(indien dit die vereiste is) dat dit die effektiewe of direkte oorsaak van die nie-nakoming was. Die
wegaak van die lêer moet beskou word as 'n spesiale omstandigheid op grond waarvan dit nie
redelikerwys van die prokureur verwag kon word om die vereistes van art 25(1) betyds na te kom
nie. M i moes

30.

die hof a quo die aansoek ingevolge art 24(2)(a)(i) toegestaan het.

Oie appèl slaag met koste en die bevel van

die hof a quo word met die volgende vervang :-

"Die applikant se aansoek word toegestaan in terme van artikel 24(2)(a)(i) van Wet 56 van 1972 en
dit word beveel :

- (a) Dat die tydperk waarbinne die MVA 13 eisvorm wat die applikante aan die respondent moes besorg het ten einde die applikante in staat te stel om ingevolge Wet 56 van 1972 teen die respondent 'n eis om skadevergoeding in te stel voortspruitende uit die dood vanhaar eggenoot in 'n botsing wat op 10 Januarie 1980 plaasgevind het tussen 'n motorvoertuig met registrasienommer CNT 683 T wat deur die respondent verseker was en 'n motorfiets wat deur die oorledene bestuur was, verleng word tot 7 April 1982 synde die datum waarop

31.

die Kennisgewing van Mosie in hierdie aansoek aan respondent beteken is;

- (b) Dat die MVA 13 eisvorm wat as deel van die aansoekstukke tesame met die Kennis= gewing van Mosie op 7 April 1982 aan die respondent beteken is, geag word voldoende nakoming van die voorskrifte van artikel 25(1) van Wet 56 van 1972 te wees; (c) Dat aan die applikante verlof verleen word om haar voorgenome aksie om skadevergoe= ding binne dertig dae na die datum van hierdie bevel teen die respondent in te stel; en (d) Dat die applikante die koste van hiêrdie aansoek, met uitsluiting van die koste van bestryding daarvan, moet betaal en

dat die respondent die koste van bestryding moet betaal."

E.L. JANSEN AR.

KOTZÉ AR)

Stem saam.

SMUTS Wnd AR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/125.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/coetzee-v-santam-unknown-topic-asca-1984>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria